

HOOFSTUK 4

VOORGESTELDE PROJEKTE

4.1 DIE PRIORITEITE IN DIE GOP

Uit hoofstukke 2 en 3 en veral paragraaf 3.11 is dit duidelik dat:

- Die grootste behuisingsnood op Piketberg, Porterville en Velddrif is;
- Dat genoemde drie dorpe deur die Provinsiale regering as dorpe met 'n medium ontwikkelingspotensiaal geïdentifiseer is waar besteding op infrastruktuur en behuising voldoen aan die PGDS, die NSDP en in lyn is met die prioriteite gestel in die GOP;
- Dat daar reeds beplanning vir behuisingsprojekte in die drie groter dorpe gedoen is;
- Dat wat die kleiner dorpe betref, die voorsiening daar problematies mag wees, in die lig van:
 - die feit dat dit die ontwikkeling van infrastruktuur (moontlik met die uitsondering van Redelinghuys) nie voldoen aan die vereistes van die DGDS en die NSDP nie;
 - Die beskikbaarheid van grond (Eendekuil), en die feit dat grond aan die kerk behoort (Goedverwacht, Genadenberg en Wittewater) maak beplanning uiters moeilik en dit sal 'n onbepaalde tyd duur om oplossings vir sommige van die probleme te verkry. Eienaar bouers sal egter wel op kerkgrond kan voortgaan met eie finansiering;
 - Om 'n sinvolle behuisingskema te beplan, die grootmaat dienste aan te lê en dit steeds teen billike koste te doen, moet die kostes teen 'n groot aantal erwe verdeel word. Die vraag na behuising, beskikbare grond en ander beperkings soos infrastruktuur, maak ontwikkeling van 'n skema van die nodige omvang 'n onwaarskynlike opsie om uit te voer;
 - Die enigste finansiële werkbare opsie in die kleiner dorpe sou wees om 'n invulskema op reeds gedienste vakante erwe te ontwikkel.

- Dat vanweë die lang tyd wat dit neem om grond te identifiseer, goedkeuring van die verskillende owerhede te kry (byvoorbeeld omgewingsimpakstudies), behuising te beplan, finansiering te verkry en kontrakte te finaliseer, daar aanvanklik voorkeur gegee moet word aan die voorsiening in gebiede waar die voorsieningsproses reeds gevorder het.
- Aangesien hierdie meesterplan net 'n tydperk van vyf jaar dek, is dit belangrik om te onthou dat beplanning van verder projekte, om in die volgende tydperk van vyf jaar aan te pak, intussen moet voortgaan. Veral die volgende is van belang:
 - 'n Dienssentrum en moontlike eenhede vir bejaardes in Velddrif;
 - Invulskemas in die kleiner dorpe om aan die plaaslike behoeftes aandag te gee. Sodanige behuising behoort egter aan strengere norme ten opsigte van keuring onderwerp te wees omdat net mense wat reeds in die onmiddellike omgewing woon en werk, weens die beperkte infrastruktuur en ontwikkelingspotensiaal, oorweeg kan word;
 - Invulskemas en moontlik 'n maatskaplike behuisingsprogram in die drie groter dorpe, maar hiervoor sal daar eers 'n vennoot gevind moet word om as ontwikkelaar op te tree.

Dat die prioriteite soos uiteengesit in die GOP kan dus onveranderd bly, maar die implementering sal, waar nodig, aangepas moet word by praktiese sake soos waar die nodige goedkeurings verkry is, aangesien beplanningsaansoeke soms onvoorsiens vertraag word. Indien daar nie pragmeties te werk gegaan word nie, kan die voorsiening skade lei.

4.2 BESKIKBARE FONDSE

4.2.1 PROVINSIALE TOEKENNINGS

Die provinsiale regering publiseer van tyd tot tyd die fondse wat in die toekoms aan munisipaliteite vir verskillende doeleindes oorgedra sal word. Die volgende toekennings aan Bergrivier Munisipaliteit is op 4 Maart 2008 on die Provinsiale Koerant afgekondig:

TIPE FONDSE TOEGEKEN	2008/09 (R,000)	2009/10 (R,000)	2010/11 (R,000)
Geïntegreerde behuising en menslike vestigingsontwikkelingsplan	R1 600	R1 972	R2 168
Behuisinggebruikers Opleidingstoekenning	R60		

Die Behuisinggebruikers Opleidingstoekenning is bedoel "...om die operasionele en kapasiteitsboubehoeffe vir die uitrol van die behuisingverbruikers-opleidingsprogram by munisipaliteite te befonds. Die programme sal verseker dat:

- Munisipale behuisingsamptenare sowel as Gemeenskapswerkers opgelei word; en
- Ingeligte gemeenskappe verseker." (Provinsiale Koerant 4 Maart 2008)

Die Geïntegreerde Behuising- en menslike vestigings en ontwikkelings-toekenning is bedoel "... To finance the funding requirements of national housing programmes (excluding recurrent costs recoverable from assets falling under the pre- 1994 stock).

To facilitate the establishment and maintenance of integrated and sustainable human settlements to ensure economically viable and socially equitable communities in areas with ecological integrity promoting convenient and safe access to economic opportunities, health, educational and social amenities."

(Provinsiale Koerant 4 Maart 2008)

Daar word verskeie vereistes waaraan munisipaliteite moet voldoen in genoemde Provinsiale koerant gelys, onder ander dat:

- Planne vir behuisingontwikkeling moet in die GOP opgeneem word;
- Besigheidsplanne vir 2009/10 moet reeds op of voor 31 Desember 2008 aan die Nasionale Departement van Behuising voorgelê word en teen 15 Maart 2009 goedgekeur word;
- Toekenning van huise word gemaak in terme van nasionale programme en prioriteite en daar moet verseker word dat:
 - Die beginsels van volhoubare ontwikkeling menslike vestiging ondersteun;
 - Beperkinge op die vordering van skemas (byvoorbeeld gebrekkige grootmaat dienste en infrastruktuur) moet voorkom word;
 - Behoorlike projekbestuur- en moniteringsmaatreëls vir die uitvoering van die projek moet in plek wees;
 - Geïntegreerde nie-rassige kwaliteit lewensruimtes word aangemoedig.

4.2.2 NASIONALE TOEKENNINGS

In terme van die Wet op die Verdeling van Staatsinkomste (DORA) is die volgende toekennings aan Bergrivier Munisipaliteit gemaak:

TIPPE FONDSE TOEGEKEN	2008/09 (R,000)	2009/10 (R,000)	2010/11 (R,000)
Infrastruktuur toekenning	R4 693	R7 211	R5 889

Hierdie toekennings mag ook vir infrastruktuur vir behuisingskemas aangewend word, maar is ook bedoel vir ander infrastruktuur projekte.

4.3 VOORGESTELDE PROJEKTE

Projekte wat in die volgende vyf jaar aangepak kan word, is soos volg.

4.3.1. PIKETBERG


Die ROR van Piketberg is vervat in Figuur 4.1. Die projekte in Piketberg, wat reeds in beplanning is, word ook op Figuur 4.1 aangedui en bestaan uit die volgende projekte:

- "GAP" behuising vir die groep wat meer as R3,500 per maand verdien en wat nie vir normale subsidie behuising in aanmerking kom nie. Hierdie grond is in terme van die ROR reeds vir behuisingsdoeleindes afgebaken en behoort aan die munisipaliteit. Dit is in erwe 80 woonerwe verdeel en dienste soos teerstrate is gedeeltelik voorsien. Die grond kan onderworpe aan voorwaardes oor toekenning aan 'n ontwikkelaar verkoop word deur ontwikkelingsvoorstelle daarvoor te vra.;
- 'n Projek wat uit 405 wonings bestaan. Die beplanning is reeds voltooi en die uitleg is aangedui op figuur 4.2. Die grond behoort aan die Munisipaliteit en is vir behuisingsdoeleindes in die ROR aangedui. Die beraamde koste, (in alle gevalle slegs orde grootes soos dit tydens die beplanningsfase was), is soos uiteengesit in "Bylae 4.1" en beloop ongeveer R35.13 miljoen. Dit word vir doeleindes van beplanning verdeel word in:
 - Fase 1 (81 wonings);
 - Fase 2 (324 wonings). Die bestaande trajektekamp en begraafplaas sal binne die gebied val, maar sal so behou word;

- Fase 3 wat uit 995 wonings bestaan. Soos op die ROR gesien kan word is hierdie fase nie vir behuisingsdoeleindes afgebaken nie en sal daar dus hersonering nodig wees. Die grond moet ook nog aangekoop word en bestaan uit 'n gedeelte van die plaas Melkbosfontein. Eers daarna kan die beplanning en opmeting in aanvang neem. Die beraamde koste, soos dit tydens die voorlopige beplanning was, is in "Bylae 4.2" aangedui en beloop ongeveer R104,1 miljoen.


Bovermelde beplanning bring die totale aantal gesubsidieerde huise wat in Piketberg beplan word op 1,400 huise te staan. Ongeveer 80 "GAP" huise kan daarby gevoeg word, wat die totaal op 1,480 te staan bring.

FIGUUR 4.1 Beplande "GAP" behuising en fases 1, 2 en 3 van die voorgestelde lae koste (subsidie) wonings in Piketberg.



FIGUUR 4.2 UITLEGPLAN ERWE IN WOONGEBIED VIR 405 WONINGS: PIKETBERG

(Fase 1 = 81 Wonings en Fase 2 = 324 Wonings)



FIGUUR 4.3 LUGFOTO VAN PIKETBERG MET AANDUIDING VAN VOORGESTELDE TERREINE VIR WONINGS



KWEZI V3 ENGINEERS
 P.O. Box 368
 Be13 v33e 7636
 Tel: (025) 950-7050
 Fax: (025) 950-4000
 e-mail: be13v33e@kv3.co.za



PROPOSED WATER SCHEME
 LAYOUT PLAN

Scale N. T. S.
 Date SEPTEMBER 2006
 Drawing number
FIGURE 1

Geen detail beplanning is nog gedoen nie, maar die volgende drie opsies word oorweeg:

- "GAP" behuising op die noordelike gedeelte van die grond wat aangekoop staan te word. Ongeveer 100 eenhede word beoog. Veral staatsamptenare soos personeel van die Korrektiewe Dienste, polisiebeamptes en onderwysers vind dit moeilik om bekostigbare behuising in Porterville en omgewing te vind;
- Die ontwikkeling van die balans van die grond sal vir lae koste gesubsidieerde wonings aangewend word. **Fase 1** hiervan sal uit 350 wonings bestaan en die voorlopige kosteberaming van R30,58miljoen is vervat in "Bylae 4.4";
- **Fase 2** sal uit nog 450 wonings bestaan en die kosteberaming van R47,24 miljoen is ook in "Bylae 4.4" vervat.

Die raadgewende ingenieurs en projekbestuurders vir die laasgenoemde twee projekte is Kwezi V3 Raadgewende Ingenieurs. Hulle het 'n alternatiewe uitleg plan vir die voorstelle in die ROR opgestel soos vervat in figuur 4.5 opgestel. Hierdie plan is skynbaar meer aanvaarbaar vir die eienaar van die grond. Dit strook ook met gemeenskapsinsette tydens die deelname proses dat grond aangrensend aan Ottostraat aanvaarbaar sou wees wanneer die vullisterrein sluit, maar:

- Sal 'n wysiging van die ROR vereis. Dit mag 'n geruime tyd duur om uitklaring hieroor te verkry en dit mag die aankoop van die grond en die detail beplanning vertraag;
- Sal waarskynlik ook nie die stedelike vorm verbeter nie, maar dit is 'n saak waaroor die ruimtelike beplanners wat aangestel is om voorstelle oor die stedelike rand te maak, Rode en Genote, uitgeklaar moet word;
- Aan die positiewe kant:
 - mag hierdie voorstel die onderhandelinge met die grondeienaar bespoedig as dit vir hom meer aanvaarbaar is;
 - Is die Ottostraat gebied deur die gemeenskap geïdentifiseer tydens die deelname proses.



FIGUUR 4.5:

Alternatiewe konsep uitleg vir voorgestelde behuisingskemas in Porterville.

Hierdie uitleg sal waarskynlik meer aanvaarbaar wees vir die eienaar van die grond van wie dit nog aangekoop moet word, en die ontwikkeling van grond in Ottostraat is tydens 'n gemeenskapsvergadering gesteun, maar sal:

- 'n Wysiging van die ROR benodig;
- Sal met die stedelike rand verder suid skuif, wat met die beplanners wat hierdie ondersoek doen, (Rode en Genote) uitgeklaar sal moet word.

4.3.3 VELDDRIF

Die volgende behuisingsprojekte is in beplanning op Velddrif:

- Tenders vir die oprigting van 150 huise in Noordhoek, Velddrif het op 15 Februarie 2008 gesluit. Tydens die opstel van hierdie verslag was die toekenning van 'n tender nog onder oorweging deur die bodkomitee van die munisipaliteit. Die beraamde koste van hierdie projek was R10,730,818.. Sien figuur 4.6 vir die uitleg;
- Ooreenkoms is tussen die munisipaliteit en 'n privaat ontwikkelaar bereik om erf 1283 (groot 74.62 hektaar) by wyse van 'n ruiltransaksie te bekom. Daar word beoog om op hierdie grond (sien figuur 4.7 en 4.8 vir diagram en ligging onderskeidelik) beide "GAP" behuising en gesubsidieerde behuising te voorsien. Dit behels die volgende:
 - 100 "GAP" Huise op erwe van ongeveer 250m² elk. Dit sal by wyse van tenders aan privaat ontwikkelaars aangebied word om ontwikkelingsvoorstelle te maak;
 - 'n Eerste fase van ongeveer 350 subsidie huise ten opsigte waarvan konsultante nog aangestel moet word om die beplanning te doen. Aangesien geen opmeting van erf 1283 nog gedoen is nie, is dit nie moontlik om op hierdie tydstip kosteberamings te maak nie, maar teen historiese bekende pryse word die koste by benadering geskat soos vervat in "Bylae 4.6".
 - Erf 1283 (sien figuur 4.7 vir diagram) beslaan 74.62 hektaar terwyl ongeveer 10 tot 11 hektaar by benadering nodig is vir die 100 "GAP" huise en die 350 subsidie huise hierbo genoem. Daar word dus aanbeveel dat die oorhoofse beplanning vir die hele gebied nou reeds gedoen word en dat dit beplanning vir 'n tweede fase van ongeveer 200 tot 300 huise gemaak word.

Soos hierbo genoem moet die beplanning van erf 1283 nog gedoen word en dit is dus nodig dat konsultante so gou moontlik aangestel word om, onder andere aan die volgende aandag te gee:


- Die opmeting van die grond sodat 'n basisplan vir die uitleg opgestel kan word;
- 'n Omgewingsimpakstudie;
- Die beplanning en uitleg van erwe;

FIGUUR 4.7 DIAGRAM VAN ERF 1283 VELDDRIF

SYE Meter	RIGTINGS- HOEKE	KOORDINATE Y Stelsel: WG 19° X		L.G. No.	
	Konstante:	0,00	+3600 000.00	8690/2006	
AB	1 179.62	5 24 39	A +76 945.08	+26 390.20	Goedgekeur
BC	891.57	47 02 40	B +77 056.31	+27 584.56	<i>V.S. Swanepoel</i> nms. LANDMETER- GENERAAL 2007-01-10
CD	348.27	96 16 30	C +77 708.84	+28 172.10	
DE	78.13	146 18 00	D +78 055.02	+28 134.03	
EA	2 036.80	214 29 15	E +78 098.37	+28 069.03	
	7 De Plaas 200 Laaiplek Res	Δ	+73 245.41	+29 523.49	
		Δ	+79 242.22	+27 545.51	

Beskrywing van bakens

- A : Swaar ysterhoekpaal
- B,C,E : 16mm ysterpen
- D : 12mm gat in beton



Die figuur ABCDE
 Stel voor 74.6200 hektaar grond, synde
ERF 1283 VELDDRIF

gelee in die Munisipaliteit Bergrivier
 Administratiewe Distrik Piketberg
 Provinsie Wes-Kaap

Opgemeet in November, Desember 2006 deur my

Janet. Stayl
 PLS 0761 A.P.Stayl
 Professionele Landmeter

Hierdie diagram is geheg aan No. 172271/2007 ged. Lg.v. Registrateur van Aktes	Die oorspronklike diagram is L.G. No. 490/1839 Grondbrief C.Q. 9-49 (Plaas Velddrif No.110)	Lêer Pkg. 110 Vol.1 M.S. E3391/2006 Komp. CH-7AB(4503) CH-7AB/X22(2312) CHSL-4281(M2730) CHSL-4283(M2732) LPI C0580009
---	---	--

- 'n Ondersoek na die grootmaat dienste wat benodig word en kosteberamings daarvoor.

Erf 1283 het sekere inherente voordele, soos die volgende:

- Dit grens aan die bestaande woongebied en is binne loopafstand van fasiliteite soos die gemeenskapsaal, biblioteek, sportterrein asook naby die nywerheidsgebied;
- Die grond is reeds in terme van die ROR vir behuising geogmerk. En geen wysiging van die ROR is dus nodig nie;
- Die erf is toeganklik met twee teerstrate, naamlik Kerklaan en Albatrosstraat wat daaraan grens;

Tydens die gemeenskapsvergadering was dit duidelik dat die inwoners van Noordhoek bewus is van Erf 1283 en die voorstelle daarvoor. Daar is egter spesifiek versoek dat ander alternatiewe grond ook vir toekomstige ontwikkeling oorweeg word. Daar is veral behoefte aan fasiliteite soos 'n dienssentrum en wooneenhede vir bejaardes in Velddrif wat op 'n geïntegreerde wyse beplan kan word en wat kan bydra tot verdigting in die middedorp. Die twee konsepte is egter nie in stryd met mekaar nie en in die langer termyn behoort dit aandag te geniet. Moontlik kan met 'n gemeenskapsorganisasie wat kennis het in dienslewering en versorging van bejaardes in hierdie verband saamgewerk word.

4.4 BEPLANDE PROJEKTE IN VERHOUDING MET BEHOEFTE

Uit bovermelde kan die voorgestelde projekte opgesom word soos aangedui in tabel 4.1:

TABEL 4.1: BEPLANDE PROJEKTE IN VERHOUDING MET BEHOEFTE				
DORP	AANTAL		PROJEK	FINANSIERING BENODIG R'000
	"GAP"	LAE KOSTE		
PIKETBERG	80		"GAP" Eenhede waarvoor ontwikkelingsvoorstelle gevra sal word	
		405	(81 + 324) Gesubsidieerde eenhede	35,100
		995	Gesubsidieerde eenhede	104,100
PORTERVILLE	100		"GAP" Eenhede waarvoor ontwikkelingsvoorstelle gevra sal word	
		350	Gesubsidieerde eenhede	30,580
		450	Gesubsidieerde eenhede	47,240
VELDDRIF		150	Gesubsidieerde eenhede (Tenders reeds ingewin)	10,730
	100		"GAP" Eenhede waarvoor ontwikkelingsvoorstelle gevra sal word	
		350	Gesubsidieerde eenhede	Bepaal te word Sê R40,000
TOTAAL	280	2,700		Sê R267,750

In tabel 2.7 is die tekort teen 2012 op 2,662 en teen 2013 op 2,731 eenhede gestel. Die beplande aantal eenhede (2,700) is voldoende om in die behoefte tot 2012/2013 te voorsien. Die 280 GAP huise is nie in berekening gebring nie, omdat daar later vir deelnemers geadverteer sal word en hulle nie deel van die bestaande waglyste vorm nie.

Om 2,700 huise in 5 jaar te bou, moet daar gemiddeld 540 huise per jaar gebou word. Befondsing is reeds in paragraaf 4.2 as 'n knelpunt uitgewys. Selfs al sou die doelwit verander word om die agterstand in 10 jaar (2017) uit te wis, sal daar steeds ongeveer 303 eenhede per jaar voltooi moet word. Teen ongeveer R80,000 per eenheid, dienste ingesluit, sal R24,240,000 per jaar uit verskillende bronne verkry moet word om die behuisingsprogram te finansier. Prysstygings uitgesluit sal die finale koste om die beplande aantal eenhede dus ongeveer R268miljoen beloop.

4.5 KOSTEBERAMINGS

Die detail kosteberamings vir al die voorgestelde gesubsidieerde huise is vervat in Bylae 4. Hierdie koste beramings (soos in Oktober 2007) is egter orde grootes en nie finale beramings nie. Die beramings kan soos in tabel 4.2 opgesom word:

	PROJEK	BERAMING (R'000)
1	405 Wonings in Piketberg (Fase 1 en 2)	35,100
2	995 Wonings in Piketberg (Fase 3)	104,100
3	350 Wonings in Porterville (Fase 1)	30,580
4	450 Wonings in Porterville (Fase 2)	47,240
5	150 Wonings in Velddrif (Fase 1)	10,730
6	350 Wonings in Velddrif (Fase 2)	40,000
	TOTAAL	267,750

Wat die 'GAP' behuising betref, word beoog dat ontwikkelingsvoorstelle by wyse van tenders gevra sal word vir die projekte. Die finansiering sal deur die tenderaars verkry of voorsien moet word. Daar is dus geen kosteberamings vir die projekte nodig nie.

4.6 MOONTLIKE FASERING VAN PROJEKTE

Die toekennings soos deur die Departement Plaaslike Bestuur en Behuising gepubliseer is (sien paragraaf 4.2.1), beloop slegs R5,740,000 oor die volgende drie jaar (2008/09 tot 2010/11). Toekennings vir infrastruktuur vir dieselfde tydperk beloop R17,793,00 in totaal dus R33,5miljoen. Ongeveer R267,8 miljoen (eskalasie sedert Oktober 2007 uitgesluit) word vir die beplande projekte benodig. Die beplande projekte kan dus nie voortgaan as addisionele befondsing nie verkry word nie. Dringende verhoë behoort gerig te word vir addisionele befondsing.

Op die veronderstelling dat alle fondse wel beskikbaar sal wees, dat alle grondaankope, hersonerings, omgewingsimpakstudies, ensovoorts betyds afgehandel sal word, is die fasering soos tabel 4.3 opgesom.

TABEL 4.3 OPSOMMING VAN PROJEKTE EN FASERING DAARVAN

DORP	LIGGING	LAE KOSTE	GAP	TOI-LETTE	GEBRE-KE	ESTA	BESKRYWING VAN PROJEK	PRO-JEK
PIKET-BERG	Die Trekstraat, Piketberg		20				"GAP" Ontwikkelingsvoorstelle	2008/9
	Om Trajektekamp	82					Fase 1 van 366 Wonings	2009/10
	Om Trajektekamp	285					Fase 2(Finaal) van 366 Wonings	2009/10
	Ou Skema's: Steynville +			Almal			Bestaande skema's	2009/10
	Ou Skema's: Steynville +				Almal		Bestaande skema's	2009/10
	Agter Watsonia Sportgronde		80				"GAP" Ontwikkelingsvoorstelle	2009/10
	Privaat Eiendom: Nagskuiling					20	Noodbhuising: Esta	2009/10
	Melkbosfontein	500					Fase 1 van 1000 Wonings	2011/12
	Melkbosfontein	500					Fase 2(Finaal) van 1000 Wonings	2012/13
	Melkbosfontein		150				"GAP" Ontwikkelingsvoorstelle	2012/13
PORTER-VILLE	Smitsstraat, Monte Bertha					9	Noodbhuising: Esta	2009/10
	Ou skema's: Monte Bertha			Almal			Bestaande skema's	2009/10
	Ou skema's: Monte Bertha				Almal		Bestaande skema's	2009/10
	Meent: Suid van Monte Bertha	320					Fase 1 van 820 Wonings	2010/11
	Uitvlug(Noord: Jakkalskloof & Langstraat)		100				"GAP" Ontwikkelingsvoorstelle	2011/12
	Uitvlug(Suid: Jakkalskloof & Langstraat)	500					Fase 2(Finaal) van 820 Wonings	2011/12
	Uitvlug(Noord: Jakkalskloof & Langstraat)		100				"GAP" Ontwikkelingsvoorstelle	2012/13
	Uitvlug(Suid: Jakkalskloof & Langstraat)					20	Noodbhuising: Esta	2012/13
VELD-DRIF	Noordhoek - Westelik	150					Fase 1 van 500 Wonings	2008/9
	Noordhoek - Gemeenskapsaal	350					Fase 2(Finaal) van 500 Wonings	2009/10
	Ou Skema's: Laaipek & Noordhoek			Almal			Bestaande skema's	2009/10
	Ou Skema's: Laaipek & Noordhoek				Almal		Bestaande skema's	2009/10
	Noordhoek - Gemeenskapsaal		100				"GAP" Ontwikkelingsvoorstelle	2009/10
	Noordhoek - Gemeenskapsaal					20	Noodbhuising: Esta	2010/11
	Noordhoek - Gemeenskapsaal					20	Noodbhuising: Esta	2011/12
	Noordhoek - Gemeenskapsaal		150				"GAP" Ontwikkelingsvoorstelle	2012/13